# SA BEAMPTE - INLIGTING 2010

Vervolgens'n uiteensetting van inligting soos van toepassing op alle SA geregistreerde beamptes vir 2010.Inligting soos in hierdie dokument vervat mag deur amptelike skrywes van die BRSASF gedurende die jaar vervang word.

**A. BEAMPTERAAD VIR 2010**

Die volgende persone is in die onderskeie poste verkies:

Voorsitter - Charles Villet
Vise – Voorsitter - Paul Wilken
Sekretaris - Johan van den Berg
Add Lede – Christo Reitz
- James Bezuidenhout
- Gawie de Beer
- Ivan Wiehahn

Leerling Beampteraads lede
- Berry Shaai
- Elize Grobler

## *B. REGISTRASIE*

**FILA Beamptes**: Alle FILA beamptes moet voor 02 Oktober 2010 tydens die SA Jeug Kampioenskap vir 2010 deur hulle provinsies registreer. Geen registrasie sal van die individi self aanvaar word nie.
**Registrasiekostes** sal later bekend gemaak word.
'n Beampte wat as nuwe FILA beampte wil registreer moet oor tenminste 'n SA Kat 3 gradering beskik en jonger as veertig jaar oud wees en aan ten minste 50% van SA byeenkomste optree in die voorafgaande 12 maande om genomineer te word. FILA beamptes wat internasionaal wil gaan optree , moet aan tenminste 50% van SA byeenkomste die voorafgaande 12 maande optree , voordat hy/sy internasionaal mag gaan optree. Die maksimum ouderdom om weer by FILA te herregistreer as beampte, is 60 jaar. Nuwe kandidate vir FILA graderings kan met die Fila klere of met die ou wit uniform optree.

**SA Beamptes**: Alle SA Beampte registrasies moes voor 15 November 2009 op die amptelike vorm geregestreer gewees het. Daarna moet nuwe beamptes deurlopend by die sekretaris van die SASFBR geregistreer word 'n Persoon word gesien as geregistreer as daar '**n foto met bewys van betaling van registrasie en die amptelike voltooide registrasievorm** by die Sekretaris van die Beampteraad is. Leerlingbeamptes word ook geregistreer. Beamptes wat nie geregistreer is nie, dws beamptes nie aangetoon in die amptelike register van die BRSASF nie, sal optrede tydens alle SA aangeleenthede geweier word. Indien'n ongerigestreerde persoon tydens'n Ope Kampioenskap optree, sal die vereniging skriftelik inkennis gestel word. Indien die persoon nie binne **een maand** na ontvangs van die skrywe geregistreer is nie, sal 'n boete van R100-00 gehef word. Eerste registrasie kan plaasvind **nadat** die persoon **16 jaar** oud geword het en laaste registrasie in die jaar waarin die persoon **65 jaar** oud word. Beamptes wat ouer as 65 jaar oud is kan nog steeds in sy provinsie optree (mag nie op kalender Opes en SA aangeleenthede optree nie).

**Registrasiekostes**

| | | | |
|---|---|---|---|
| Nuwe registrasie | R 50-00 | Leerlingbeamptes | R 60-00 |
| Herregistrasie | R 110-00 | Laat herregistrasies | R 170-00 |
| Verlore kaarte | R 20-00 | | |

## *C. TOEKENNINGS*

**SA Kleure:** SA beamptekleure word op aanbeveling van die BRSASF deur die UBSASF toegeken aan SA Beamptes nadat hy/sy vir een jaar reeds die kwalifikasie K3 gehandhaaf ( eksamen afgelê ) het. Dit beteken hy/sy se gemiddelde punt vir die jaar moet ten minste die van Kat 3 standaard wees.
**Eksepsioneel:** SA eksepsionele gradering word toegeken aan 'n beampte wat vir drie jaar 'n gemiddeld van 95% per jaar behaal het. So'n beampte moet tydens sy/haar derde jaar, as deel van hulle evaluasie, 'n deel van 'n beamptekursus op nasionale vlak aanbied.
**Honneurs:** SA honneurskleure word op aanbeveling van die BRSASF deur die UBSASF toegeken aan beamptes wat vir vyf jaar op die BRSASF gedien het of tien jaar die Eksepsionele gradering gehad het.
**SA Meriete toekenning:** Die SA meriete toekenning word deur die UBSASF aan beamptes toegeken na verwerwing van sy / haar Kategorie 1 kwalifikasie. (Eenmalige toekenning)
**Beampte met die hoogste teoretiese punte vir die jaar:** Word toegeken aan die beampte wat die hoogste punte behaal het tydens die skriftelike eksamen.
**Beampte van die jaar:** Word toegeken aan die beampte wat deur die jaar die meeste nominasies as beampte van die dag op 'n mat gedurende SA Kampioenskappe gekry het.
**Ere Lidmaatskap:** Die SA Beampte ere lidmaatskap word gemaak aan afgetrede beamptes na jare dienslewering as SA beamptes. Die onderskeie verenigings is verantwoordelik om (met 'n kort CV van die beampte) by die SASFBR aansoek te doen. ***HIERDIE BEAMPTES MAG OP GEEN SA BYEENKOMS OF KALENDER OPE OPTREE NIE***.

**Ere Eksepsioneel:** Word op dieselfde gronde as die ere lidmaatskap gemaak aan uitsonderlike beamptes wat met eksepsionele graderings aftree. Die onderskeie verenigings is verantwoordelik om (met 'n kort CV van die beampte) by die SASFBR aansoek te doen.
**Ere Honneurs :** Word op dieselfde gronde as die ere lidmaatskap gemaak aan uitsonderlike beamptes wat met die Honneurs gradering aftree. Die onderskeie verenigings is verantwoordelik om (met 'n kort CV van die beampte) by die SASFBR aansoek te doen.
**Spesiale Toekennings:** Enige verdienstelike geval kan deur die SASFBR na die UBSASF aanbeveel word vir 'n spesiale toekenning.

## *D. TOERNOOIGRADERING*

| | |
|---|---|
| SA Graderingstoernooie: | Slegs SA 2 en hoër gegradeerde beamptes * SA 3 vir tyd en telbord (2/3 moet SA 2 of hoër wees). |
| SA Kampioenskappe: | Slegs Prov A en hoër gegradeerde beamptes * Prov B & C vir tyd en telbord. |
| SA Streek Kampioenskappe: | Prov C en hoër gegradeerde beamptes en moet ten minste kan optree as beoordelaar. Prov B en hoër en moet as skeidsregter kan optree. L/L vir tyd- en telbord. |

**Beampte verhouding tot aantal stoeiers vir alle SA Byeenkomste, behalwe SA Streek Kampioenskap:**
1 - 3 stoeiers - Moet tenminste een Prov B of C gegradeerde beampte gee.
4 - 7 stoeiers - 1 Beampte
8 - 14 stoeiers - 2 Beamptes
Prov A en hoër gegradeerde beamptes - 1 Beampte vir elke 7 stoeiers.
Prov B & C gegradeerde beamptes 1 beamptes vir elke 3 stoeiers
Ten minste 2/3 van beamptes wat stoeiers verteenwoordig moet Prov A en hoër wees . Beamptes kan egter nie opgradeer of kontroleer nie en dit tel ook nie as 'n optrede vir hulle nie (P.B en P.C beamptes). Verenigings kan egter erkening aan die beamptes gee.

**SA Streekkampioenskap:**
Prov C en hoër – 1 beampte vir elke 7 stoeiers
L/L - 1 beampte vir elke 3 stoeiers
Ten minste 2/3 van beamptes wat stoeiers verteenwoordig moet Prov C en hoër wees.

Verenigings wat nie voldoen aan bogenoemde verhoudings nie sal aan die SASFBR moet bewys dat hulle gepoog het om beamptes te leen by ander Verenigings. Indien hulle dit nie kan doen nie sal die **R500:00 per beampte** wat te min is dadelik gehef word. 'n Vereniging kry twee geleenthede om van bogenoemde gebruik te maak waarna die boete dadelik inwerking sal kom.

## *E. BEAMPTEGRADERING*

**Verenigings moet asb. die optrede van hul beamptes soos omskryf in die reëls van die SASFBR skriftelik bevestig met die BRSASF Sekretaris voor of op 08 Oktober 2010.**

Die BRSASF versoek verenigings om die Prov LL, Prov C, Prov B en Prov A graderingstesel te volg om eenvormigheid in Suid Afrika te hanhaaf. U word daarop gewys dat beamptes ***slegs een graderingsverhoging per jaar*** mag ontvang.
**Prov Graderings :** Die minimum riglyne vir Provinsiale beampe graderings is as volg:
L/L na Prov C – Moet tyd , telbord en beoordelaar kan doen. Minimum punt benodig 65%
Prov C na Prov B – Moet Prov C en skeidsregter kan wees. Minimum punt benodig 70%
Prov B na Prov A – Moet Prov B en matvoorsitter kan wees. Minimum punt benodig 75%

Die gradering van 'n Provinsiale beampte kan in verdienstlike gevalle aangepas word. Daar moet egter 'n brief vanaf die vereniging na die SASFBR gestuur word met voldoende bewyse (vraestel en praktiese punt). Die SASFBR sal die saak bespreek en indien aanvaar word sal die SASFBR die betroke beampte tydens 'n Ope Kampioenskap prakties evalueer.

**Opgradering:** Vir 'n SA beampte om sy/haar huidige gradering te verbeter moet hy/sy deelneem aan minstens een SA skriftelikeeksamen , een SA praktiese opgradering en een SA praktiese kontrole aangeleentheid asook voldoen aan die getal optredes ( 2 x Opes en 10 x Provinsiale /Klub byeenkomste) vir die betrokke jaar. Sy/haar *gemiddelde* punt moet voldoen aan die vereistes van die volgende hoër kategorie.

**Stagnering:** Vir 'n SA beampte om sy/haar huidige gradering te behou moet hy/sy deelneem aan minstens een SA kursus en een SA kontrole aangeleentheid vir die betrokke jaar.

**Eksepsionele beamptes:** Moet aan minstens een SA kontrole aangeleentheid deelneem en een keer prakties getoets word tydens 'n SA byeenkoms en die minimum punt van 95% behaal en een SA kursus bywoon.

**'n Honneurs** gegradeerde beampte kan nie afgegradeer word as hulle nie 'n kursus deur die jaar bywoon nie, maar sal nie toegelaat word om tydens 'n SA byeenkoms op te tree alvorens hy/sy nie eers 'n kursus bygewoon het nie.

**Afgradering:** Enige beampte wat nie 'n SA kursus bywoon nie sal afgegradeer word.'n Beampte wat vir twee jaar na mekaar nie die minimum punt behaal van sy huidige gradering nie , sal afgegradeer word. 'n Beampte wat vir twee jaar na mekaar geen eksamen (skriftelik en prakties) aflê nie sal afgradeer word. Enige beampte wat skuldig bevind word tydens 'n tug verhoor kan afgegradeer word, afhangende van die oortreding.

**Eksaminering:** Eksaminering van Prov A tot K1 vind plaas tydens die SA kursusse.

Persone wat 'n probleem het om die eksamen skriftelik af te lê ,en dit liewer mondelings aflê , moet die beampteraad voor of op 14 Februarie 2010 skriftelik in kennis stel en redes verskaf . Daar moet jaarliks aansoek gedoen word. Die beamptraad sal die saak op meriete hanteer . Die persoon sal dan die eksamen mondelings aflê.

**Praktiese evaluering:** Praktiese evaluering bestaan uit twee fasette nl opgraderings-aangeleenthede en kontrole-aangeleenthede.

| | | |
|---|---|---|
| Koste: | Kontroles | kosteloos |
| | Opgraderings | R 40-00 per geleentheid |

Indien 'n byeenkoms oor twee dae strek mag 'n beampte slegs tydens een van die dae opgradeer en nie albei dae nie.
Die gedrag van 'n beampte tydens byeenkomste (aan diens en rustend ) sal ook in aanmerking gebring word tydens praktiese evaluering.

**KURSUSSE**
Daar sal 3 kursusse aangebied word gedurende die jaar.
30 Januarie 2010 te NG saal, Pretoria.
06 Februarie 2010 te , Bloemfontein
13 Februarie 2010 te , Kaapstad
Kostes beloop **R 150-00** per kursusganger wat 'n ete insluit.
Verenigings moet op die Maandag voor die betrokke kursus die SASFBR sekretaris skriftelik laat weet wie die beamptes is wat die kursus gaan bywoon. Indien 'n persoon nie opdaag vir die kursus nie sal die vereniging nog steeds verantwoordelik wees vir die gelde.

Alle beamptes ( Prov A – Hon ) moet 'n kursus gedurende die jaar bywoon anders sal optrede geweier word tydens SA Byeenkomste.
'n Beampte wat nie in die jaar 'n kursus bygewoon het nie sal nie die daaropvolgende jaar toegelaat word om op te tree nie, alvorens hy/sy nie eers 'n kursus bygewoon het nie.

**Gemiddelde punte soos benodig vir graderings:**
(**LW.** Prakties tel 70% en Teorie 30%)

| | |
|---|---|
| Provinsiale A na SA3 | 75% |
| SA3 na SA2 | 80% |
| SA2 na SA1 | 85% |
| SA1 na K3 | 87,5% |
| K3 na K2 | 90% |
| K2 na K1 | 92,5% |
| K1 na Exp | 95% |

## ***F. PROSEDURES***

Slegs beamptes ***ingeskryf deur hul onderskeie verenigings*** ten tye van ***sluitingsdatums***, soos aangetoon op die ***kalender vir stoeiers en ander ampsdraers sal toegelaat word*** om deel te neem aan *SA aangeleenthede. ***LW. die beamptenommer (registrasienommer ) en gradering moet saam met inskrywings ingestuur word.*** Verenigings wat beamptes leen moet self onder mekaar reel . Dit is nie die SASFBR se plig om beamptes vir provinsies te leen nie. Verenigings moet voor die inskrywings sluit , beamptes by 'n ander vereniging leen en die beampte wat geleen word , se naam moet saam met die vereniging waarvoor hy/sy gaan optree se inskrywings deurgegee word.
**Onttrekking van beamptes** moet skriftelik gedoen word ten minste 2 dae voor die byeenkoms – geen ontrekking sal telefonies aanvaar word nie . Dieselfde geld vir byvoeging van beamptes.
***Aanmeld*** van beamptes moet voor die begin van die inmeet geskied by die BRSASF afgevaardigde deur die ***inhandiging van die registrasiekaart***. Persone sonder kaarte sal teen 'n **koste van R 10-00** met die registrasieregister vergelyk word deur die BRSASF afgevaardigde. Nuwe kaarte sal teen 'n koste van R 20-00 vervang word. **Die reël sal streng toegepas word.**
Matindeling en ander tersaaklike inligting sal tydens 'n ***kort vergadering, 15 minute na die inweeg,*** aan lede bekend gemaak word. ***Bywoning van die sessie is verpligtend*** en registrasiekaarte sal hier teruggehandig word. Lede ***nie teenwoordig*** tydens die sessie nie , sal kan optree , maar dit sal nie tel as 'n optrede vir die persoon nie.

## *G. KLEREDRAG*

Slegs goedgekeurde kleredrag sal toegelaat word.
Die kleredrag is as volg:
Persone wat Fila kleure het, kan in die klere optree.
Alle ander beamptes moet ‘n wit katoen hemp met ‘n kraag en met die SA wapen op sak, asook ‘n donker grys (skoolgrys) langbroek aan hê.
Dames kan soos bogenoem aantrek, of met ‘n wit katoen hemp met moue. Die hemp kan ook oor die broek hang. Die SA wapen moet ook op die sak wees.
Alle beamptes moet hulle beamptekaartjie ook aan hê.
Lede van die SASFBR mag ‘n eenvorige hemp dra tydens SA byeenkomste, wat spesiaal vir hulle ontwerp is.
Beamptes wat net as tyd en telbord optree, moet ook volgens die riglyne aantrek.
***‘n Beampte wat nie reg geklee is nie , sal nie toegelaat word om op te tree nie.***

Beamptes wat vroeg loop tydens SA aangeleenthede sal nie erkenning kry vir die optrede nie (Alle gevalle sal op meriete hanteer word)

## *H. REËLS VAN SASFBR (Reglement)*

Die reels word van tyd tot tyd verander en aangepas. Maak seker dat u altyd die nuutste weergawe het. U is welkom om op skrif enige verdere aanpassings voor te stel vir oorweging deur die SASFBR.
**Alle geregistreerde beamptes (aan diens of rustend) is ten alle tye onderhewig aan die reëls en besluite van die SASFBR**.

## *I. STREEKKAMPIOENSKAPPE 2010 (Provinsies om venue aan BR lede betyds oor te dra)*

| | | |
|---|---|---|
| Streek 1 | OP, WP, BOL, GW | Charles Villet, James Bezuidenhout |
| Streek 2 | MPUM, OG, KZN | Johan van den Berg , Gawie de Beer |
| Streek 3 | NG, SEN G, LIMP | Christo Reitz, Ivan Wiehahn |
| Streek 4 | NW, SED, NVS, SVS | Paul Wilken |

## *J. OPE KAMPIOENSKAPPE (Provinsies om venue aan BR lede betyds oor te dra)*

| | | |
|---|---|---|
| 06 Maart | Noord Wes | Gawie de Beer |
| 13 Maart | Limpopo Ope | Gawie de Beer |
| 27 Maart | Abraham Geldenhuys | James Bezuidenhout |
| 03 April | OP Ope | James Bezuidenhout |
| 24 April | Martin Kruger | Ivan Wiehahn |
| 22 Mei | Cheetah | Ivan Wiehahn |
| 29 Mei | Noordvaal | Christo Reitz |
| 05 Junie | Panasonic | Charles Villet |
| 26 Junie | Sarel Bester | Johan van den Berg |
| 07 Augustus | Johnnie Reitz | Paul Wilken |
| 28 Augustus | Unicor Ope | Christo Reitz |

Die Kus Kampioenskap word ook erken as ‘n ope en beamptes wat daar optree sal erkenning kry vir ‘n ope

## *K. REËLS EN BESLUITE (SLEGS ALLE BINNELANDSE KAMPIOENSKAPPE)*

**1.** Stoeiers kan met enige soort skoen , sonder ‘n hak , stoei tydens alle byeenkomste , SA’s ingesluit. Dit is nie ‘n vereiste dat skoenveters vasgeplak moet word nie. Die skoene moet ‘n tekkie wees met sagte sole, sodat dit nie sy opponent of die mat kan beskadig nie. Indien ‘n stoeier se skoen egter losgaan, sal hy/sy met een punt gepenaliseer word.

**2.** Die stoeitye vir die verskillende kategorieé is soos volg:

| | |
|---|---|
| Jeug (0/8-0/13) | - 3 x 1 min. 30 sek rondtes met 30 sek. rus |
| Alle ander afdelings (0/15, Kadet, Junior, President en Senior) | - 3 x 2 min. rondtes met 30 sek rus |
| Meesters | - 3 x 2 min rondtes met 30 sek rus |
| Dames - Die tipe kampioenskap bepaal die tydsduur van die dames. | |
| Alle GR wedtryde | 3 x 2 minuut rondtes met 30 sek. rus. |

**3.** Die beseringstyd reël in SA is as volg: Tydens alle byeenkomste, al is daar medies beskikbaar sal die 2 min. per stoeier per wedstryd reël geld. Die stoeier moet egter op 1min 50 sek gereed wees om te stoei.

**4.** Verenigings wat SA byeenkomste aanbied, moet die videokameras en monitors vir die matte voorsien en persone wat dit kan beman . Maak asb. seker dat die persoon vertroud is met die toerusting. Daar moet altyd iemand die kamera beman. Die beampteraad het eerste reg om die bande oor te koop vir verdere gebruik.

**5.** Indien ‘n afrigter vloeistof aan sy stoeier in die hoek gee, sal die afrigter ‘n rooi kaart ontvang en sal die beamptepaneel sy stoeier diskwalifiseer vir die wedstryd.

**6.** Om die toeskouers te beheer wat om die matte saamdrom, sal die matvoorsitter van die betrokke mat die wedstryd stop en die betrokke persone op die oortreding wys . Die oorstreders sal nie deur die beamptes van die mat verwyder word nie, maar die wedstryd sal eers voortgaan nadat die oortreders die mat/verbode area verlaat het en dit weer heeltemal veilig is vir die stoeiers. Die skoonhou rondom die matte is die Spanbestuurdersraad se verantwoordlikheid.

**7.** Geen beampte mag naby‘n diensdoenende beampte wees waneer ‘n familielid van hom/haar stoei nie.

**8.** ‘n Beampte wat die dag diens doen as ‘n beampte mag geen stoeier aanmoedig (skreeu) nie

**9.** Beamptes wat Internasionaal optree, is geregtig op ‘n spesiale baadjie: selfde groen as goue protea kleure mat SA Senior wapen op die sak en “INTERNASIONAL REFEREE “ onderaan. Geen ander baadjie kan sonder die SASFBR en die SASF se goedkeuring gerda word nie.

**10**. Afrigters moet in die hoek van die mat sit en nie langs die zone nie. Indien daar ‘n stoel is moet hulle van dit gebruik maak

**11.** Kleredrag van stoeiers is as volg:
Stoeiers moet in ‘n noupassende eenstukstoeipak stoei. **Geen rooi op blou of blou op rooi word toegelaat nie**. Indien daar ander kleure op die stoeipak is moet 60% van die pak nog steeds rooi of blou wees. Die volgende Klub en Verenigings se stoeiers het toestemming by die SASFBR om in stoeipakke te stoei met rooi op blou of blou op rooi: Tuks Stoei Akedemie, Mpumalanga en Limpopo. Geen ander stoeipakke sal toegelaat word nie, insluitende stoeipakke van ander lande wat nie aan die vereistes voldoen nie. TYDENS SA BYEENKOMSTE SAL GEEN KOSTUUMS VAN ‘N ANDER LAND TOEGELAAT WORD NIE.

.

**Verenigings kan my kontak op Sel no: 0823229893 na 15H00. Ek is nie in die oggende by ‘n telefoon beskikbaar nie.**

Opgestel deur JWJ van den Berg
Sekretaris SASFBR 2010